

Francois van Coke

# SANLAM MUSIEKFEES

## ACOUSTIC TALENT ROOM

**Met:** Met die Stellenbosse Universiteitskoor onder leiding van André van der Merwe

The Stellenbosch University Choir counts some of South Africa's top talent among its members. With this nuanced feast for the ears, they are given the rare opportunity to show what each can do before a panel of judges appoints the winner.

**12 Maart 18:00**
180 min | Bloekomhoek |
R30 | R40 by die deur

## ADAM TAS

Hy het nie net 'n warm stem nie, maar is ook 'n talentvolle liedjieskrywer. Ons het Adam Tas leer ken met albums soos *Memories in 'n menthol* en *Want jy is boer*, en meer onlangs met sy weergawes van Johnny Cash-treffers.

**7 Maart 19:00, 8 Maart 13:00**
60 min | Weltevreden Aansit |
R120 | R140 by die deur

## aKING UNPLUGGED

**Met:** Hunter Kennedy (kitaar), Laudo Liebenberg (sang, kitaar), Hennie van Halen (baskitaar) en Jaco 'Snakehead' Venter (tromme)

Dié pop-rockgroep speel al 9 jaar saam en het saam met groot geeste soos Oasis, Snow Patrol en Panic at the Disco opgetree. Wat meer wil jy weet? Kom!

**10 Maart 19:00**
60 min | Bloekomhoek |
R100 | R120 by die deur

## AL LÊ DIE BERGE NOG SO BLOU

**Musiekregie en vervaardiging:** Schalk Joubert
**Met:** Zolani Mahola, Francois van Coke, Pietman Geldenhuys, Nick Turner, Schalk Joubert, Ramon Alexander, Albert Frost en Kevin Gibson

Blues se wortels lê in Afrika en dis deur slawe na Amerika geneem waar dit mettertyd wortelgeskiet en gegroei het. Dis aan dié liedjies van vervreemding wat jazz, rock en pop hulle oorsprong te danke het. Liedjies en staaltjies word ingespan om te wys hoe dié musiek die hartklop van ons moderne kultuur geword het.

**6 Maart 20:30**
70 min | Spier Amfiteater | R150/R130/
R100 | R170/R150/R120 by die deur

## AMAZINK LIVE: SEASON 5

**Script and director:** Ilana Cilliers
**With:** Anele Mrali, Khanyiswa Joyi, Lelethu, Lungulethu DjLuja Menzi, Unathi Umsongelwa, Sibongiseni Wani and Felicity Kiran

This lively, fresh production from the AmaZink team showcases a powerhouse of local talent with an interactive show that will have you rolling (and dancing) in the aisles. *AmaZink Live* is much more than a dinner-theatre performance, it is a uniquely South African experience performed in the first township first dinner-theatre restaurant in the country.

**3 and 10 March 20:00,**
**11 and 12 March 13:00**
120 min | AmaZink | R280 with dinner |
R150 for the show only (R170 at the door)


Wilken Calitz


Janine Neethling

## ANDRÉ TERBLANCHÉ – POP-CULTURE BEKEERDES

**Produksiehuis:** Prima Produksies
**Teks en regie:** André Terblanché
**Met:** André Terblanché (sang, kitaar, ukulele, mondfluitjie), Pieter van Helslandt (klavier, akkordeon), Wilken Calitz (viool, kitaar) Shaun Johannes (klavier, baskitaar) en Gemayel Kroukamp (perkussie)

André is by die 2015 Woordfees benoem vir die beste musiekgedrewe produksie met *Ballade vir 'n backtrack*. Vanjaar keer hy terug met 'n kitaartas propvol oorspronklike liedjies en 'n pretensielose vertoning waarin hy hom nie aan taal- en genre-grense steur nie. As jy hou van boetiekbier en baardolie is dié *show* so reg in jou kraal.

**7 Maart 14:00, 12 Maart 18:00**
60 min | kykNET Fismer | R130 | R150 by die deur

## ARNO CARSTENS

Since fronting the Springbok Nude Girls – formed in Stellenbosch in the 90s – Arno is considered rock royalty. With the release of *Die aandblom 13* Arno has ventured into new territory: Afrikaans music, and his poetic lyrics immediately hit home – as always. One reviewer has dubbed it 'the perfect music for a long road trip'.

**7 March 19:00**
60 min | Bloekomhoek | R100 | R120 at the door

This merry band of brothers and sisters' brand of Afrobalkan skadubhall is a blast.

– Bombshell Beast



June van Merch



Schalk Joubert

## BALLADES

'n Jam Events-produksie
**Musiekregie:** Janine Neethling
**Musikante:** Lisa Brits (harp), David Klassen (tromme en slagwerk), Schalk Joubert (baskitaar), Janine Neethling (klavier en akkordeon), Anjulie Nock (tjello), Juan Oosthuizen (kitaar), Bridget Rennie-Salonen (fluit) en Ronan Skillen (tabla)
**Met:** Amanda Strydom, Lize Beekman, Coenie de Villiers, Leon Gropp (CH2), Joshua na die reën, Sima Mashazi, Kyle Seconna en Richard van der Westhuizen

Dié kunstenaars is al soos familie en saam voer hulle 'volksliedjies' uit soos 'Tussen treine' en 'Voshaarnooi', moderne ballades ('Sonneblom uit Bethlehem', 'Sekelmaan') en Coenie se verwerking van Fauré se Pavane.

**12 Maart 20:30**
90 min | Spier Amfiteater | R150 | R130
R100 | R170 | R150 | R120 by die deur

## THE BANQUET: EXCESS/OORVLOED

'n The Banquet-produksie
**Produksievennoot:** RSL Media
**Met:** Lucas Heinen en Juju Domingo

Wanneer is te veel van 'n goeie ding nie meer goed nie? En hoe gee jy dit waarvoor jy so lief is weg? Dié duo – met Lucas op die klavier en Juju agter die mikrofoon – het in 2016 die Woordtrofee vir die Deurbraakproduksie van die jaar gewen.

**5 Maart 19:00**
60 min | Weltevreden Aansit |
R90 | R100 by die deur




## BEATENBERG

They're young, they're handsome and they're South African. Since winning three SAMA awards in 2015 the threesome – Matthew Field (lead vocals, guitar), Ross Dorkin (bass guitar) and Robin Brink (drums) – has graced stages from England to Germany to America's *The Tonight Show*. There they were hosted by Jimmy Fallon himself and performed live alongside Mumford & Sons and Baaba Maal …

**8 March 18:30**
70 min | Jan Marais Nature Reserve | R100 (R70 for students) | R120 (R80) at the door

## BEATLES, JFK EN GROEP 2 …

**Musiekregie:** Melissa van der Spuy
**Vervaardiger en konsep:** Ilse Schürmann
**Met:** Amanda Strydom, Koos Kombuis, Lynelle Kenned en Brandon October

Vier sangers en 'n orkes gee 'n musikale blik op die stormagtige 60's, die dekade van die sluipmoord op JFK én die konsert by Woodstock. Die wêreld het geluister na die Beatles, die Stones en Dusty Spingfield met haar *beehive*. In Suid-Afrika het Groep Twee, Virginia Lee en Carike Keuzenkamp met 'Timothy' op die platespelers gedraai terwyl skote in Sharpeville klap …

**9 Maart 20:30**
70 min | Spier Amfiteater | R150/R130/R100 | R170/R150/R120 by die deur

## BLACKBYRD

Three women and three guitars are the ingredients of this winning group. Blackbyrd was established in 2012 and since then Tarryn Lamb, Samantha Heldsinger and Tamsyn Maker have been winning fans across the country and across generations. *Expresso* viewers will know them for the catchy *Better in the Morning*, the show's theme music.

**11 March 16:00**
60 min | Bloekomhoek | R100 | R120 by die deur

## BOMBSHELTER BEAST

Bombshelter Beast's sound is impossible to categorise and equally impossible to resist. Among the 14 members of this group are an Afrikaans opera singer, an accordian-playing Polish refugee, a UK-born kwaito star and one of South Africa's most astute linguists rapping it up. Sound like chaos? Perhaps. But what is certain is that this merry band of brothers and sisters' brand of Afrobalkan skadubhall is a blast.

**3 March 21:00** | Bloekomhoek |
**4 March 20:30** | AmaZink |
60 min | R100 | R120 at the door

## CAPITAL SINGERS MUSICAL EXTRAVAGANZA

**With:** Magdalene Minnaar

Share in this unforgettable experience by joining Capital Singers' community choir made up of people from all walks of life who simply love singing. Whether you come to hear them sing their hearts out or on stage as a member of the 400-strong choir – our biggest mass choir yet – this extravaganza will leave you breathless. The choir, together with soprano Magdalene Minnaar and several top musicians, will be performing a range of all-time favourites.

**4 and 5 March 20:30**
70 min | Spier Amphitheatre | R150/R130/R100 | R170/R150/R120 at the door
Visit www.capitalsingers.co.za for detailed information and to enroll.

## CHURCHIL NAUDÉ

*'Aan die begin was die woord en die woord het vir die duisternis gesê,*
*Awêh, my masekinnes raak lig!'*

Churchil se kletsryme is bedrieglik poëties, maar skram nie weg van belangrike sosiale kwelpunte nie én is verstaanbaar en verteerbaar vir almal. Sy eerste album, *Kroeskop vol geraas*, is geïnspireer deur Breyten Breytenbach se 'Mond vol vuur' en Koos Kombuis se 'Elke boemelaar se droom'. Sy tweede, *Kroesified*, is dié maand uitgereik.

**3 Maart 20:30**
60 min | Drostdy-teater | R100 | R120 by die deur




## DROË TAFELLAND

'n Fondament-produksie
**Vervaardiger:** Christine Duvenage
**Teks:** Schalk van der Merwe en Lucas Heinen
**Regie:** Schalk van der Merwe
**Komposisies:** Lucas Heinen
**Met:** Kyle Seconna en Juju Domingo

Twee verslaggewers word gestuur om die invloed van hidrobreking in die Karoo te ondersoek. Wanneer plaaslike mites aan hulle opgedis word, bring 'n onverwagse gas 'n swaeltjie en waterslang as versoeningsmaal in dié operette-styl dokumentêr met oorspronklike musiek.

**11 Maart 20:30**
60 min | Drostdy-teater | R120 | R140 by die deur




## ELVIS BLUE – KAAL

**Produksiebestuur:** Kona Brown
**Klankingenieur:** Duane Brown
**Musikante:** Neil Engel (perkussie), Raymond Green (kitaar), Hiram Koopman (saksofoon), Mathys Maree (klawerbord), Thinus Odendaal (tromme), Rochelle Rautenbach (baskitaar) en Bez Roberts (perkussie)

Kom ervaar dié sanger soos jy hom nog nooit gesien of gehoor het nie. In dié vertoning sing hy ou bekende en nuwe liedjies uit sy pen – rou, eerlik en om die beurt komies, aangrypend en hartroerend.

**3 Maart 20:30**
70 min | Spier Amfiteater | R150/R130/R100 | R170/R150/R120 by die deur

## EMO ADAMS

Hy's so Kaaps soos die Sedoos en druiwekonfyt. Emo is weer sy sjarmante, snaakse self wanneer hy vir jou (en jou, en jou!) met sang, musiek en 'n paar pittighede vermaak soos net hy kan.

**12 Maart 18:30**
70 min | Jan Marais Natuurreservaat | R100 (R70 vir studente) | R120 (R80) by die deur

## FRANCOIS VAN COKE

Van Fokofpolisiekar na Van Coke Kartel na sy 'Toe vind ek jou' saam met Karen Zoid wat iTunes gebreek het tot by sy onlangse solo-album … die ouer en wyser Francois neem ons op 'n musikale verkenningstog wat sy wortels én groei as musikant verken.

**11 Maart 18:30**
70 min | Jan Marais Natuurreservaat | R100 (R70 vir studente) | R120 (R80) by die deur

## GEDIG, MY SNAAR

Geen o/12 (T)
**Regie:** June van Merch
**Met:** Hilandi du Toit en June van Merch

Die veteraan-aktrise June vertolk van die bekendste Afrikaanse gedigte asook oorspronklike gedigte deur Hilandi. Hilandi sing op haar beurt van haar gedigte en versterk dié woordkuns met impovisasies op 'n akoestiese staalsnaar-, nylonsnaar- en akoestiese baritonkitaar.

**9 Maart 11:00, 10 Maart 20:30**
70 min | kykNET Fismer | R120 | R140 by die deur

## GERT VLOK NEL

Amper 30 jaar gelede word Gert oornag bekend met sy 'Beautiful in Beaufort-Wes', maar optredes deur dié Karookind bly so skaars soos hoendertande. Kom ervaar sy unieke musiek en liriek saam met ons.

**8 en 9 Maart 19:00**
70 min | Weltevreden Aansit |
R130 | R150 by die deur

## GRETHE VAN DER MERWE – ALLEGORIE

*'n GvdMusic-produksie*
**Beligting:** Stefan Benadé
**Met:** Grethe van der Merwe, Gideon Lombard, Renate Riedeman, André Terblanche, Ronald Siegelaar en Babette Viljoen

*'By die allegorie ontstaan die vraag na die dieper betekenis skaars; die betekenis bied homself onmiddellik saam met die oppervlakte-betekenis aan.'* - N.P. van Wyk Louw

Grethe bedoel wat sy sê en sê wat sy bedoel. Kom luister na van haar treffers soos 'Ver van hier' en 'Hierdie plek' asook heelparty splinternuwe liedjies.

**4 Maart 14:00, 12 Maart 20:30**
70min|Drostdy-teater|R110|R130 by die deur

## JAK DE PRIESTER – 15 JAAR MET KLAVIER EN KITAAR

**Met:** Jak de Priester en Altus Muller

Dit is 15 jaar sedert 'Sally Williams nougat' ons getref het. Met dié vertoning vier Jak 15 jaar in die bedryf met 'n splinternuwe konsert en album.



Sven Blumer

**11 Maart 13:00 en 19:00**
70 min | Weltevreden Aansit |
R130 | R150 by die deur

## JOSHUA NA DIE REËN

Vier jaar ná almal kopgekrap het oor dié snaakse naam – Joshua na die reën – is hy nou sommer net JNDR. Die sanger/klavierspeler skryf en sing uit die hart oor sy eie ervarings, soos op sy jongste album, *Die wêreld binne my*.

**6 Maart 13:00 en 19:00, 7 Maart 13:00**
70 min | Weltevreden Aansit |
R130 | R150 by die deur


Grethe van der Merwe


Laudo Liebenberg

## JUDITH SEPHUMA

**With:** Judith Sephuma, Gloria Bosman, Tim Moloi and the SU Jazz Band (SUJB) under Felicia Lesch

Join us in welcoming Judith at her long-awaited Woordfees debut. Judith, with long-time 'colleagues' Gloria and Tim, and backed by SU's own jazz band, will perform stylistic jazz from various eras. This is a once-off opportunity to see three of our biggest voices sharing the stage with young musicians from all backgrounds underneath the starry Stellenbosch sky. Magic!

**8 March 20:30**
90 min | Spier Amphitheatre
R150 | R130 | R100 (R60 for students)
R170 | R150 | R120 | R100 at the door

## JUNIOR MASTERCLASS

Moontlik gemaak deur Sanlam
In samewerking met die SR

Skryf in vir die Woordfees se eie talentkompetisie! Alle studente en oudstudente is welkom om deel te neem. Kom wys wat jy dan doen, dalk is jy Sanlam se nuwe musiekmeester.

**4 Maart 15:00**
180 min | Bloekomhoek | Gratis
**Inskrywingsvorms is beskikbaar by www.woordfees.co.za.**

## KLANKKRONIEKE

'n Dubbelpunt [:] produksie
**Regie:** Marí Borstlap
**Met:** Wietsche Calitz, Wilken Calitz en Gugu Duma

Wat kan jy alles met akoestiese en digitale klankproduksie en -vermenging doen? Vind uit wanneer Wilken en Gugu se musiek op die verhoog digitaal gemanipuleer word en aangevul word met beeldmateriaal in dié besonderse multi-sensoriese vertoning.

**5 Maart 17:00, 7 Maart 10:00**
60 min | kykNET Fismer |
R100 | R120 by die deur

## KÔ, LAT ONS SING!

**Musiekregie:** Adriaan Brand
**Samestelling:** Juanita Swanepoel
**Produksiebestuur:** Grethe van der Merwe
**Beligting:** Stefan Benadé
**Met:** Wessel Pretorius, June van Merch, Frazer Barry, Sandy Gertse, HemelBesem, Koos Kombuis, Zenobia Kloppers, Die Solms Delta Musiekprojek, Delta 4, Soetstemme en Langbroeke

Adam Small se skryfkuns en werk word op besonderse wyse gevier met sang, musiek en woord wanneer dié groep sangers en akteurs saamspan om lewe te gee aan bekende liedere en opwindende nuwe toonsettings.

**3 Maart 20:30, 6 Maart 15:00**
70 min | Stadsaal | R120 | R140 by die deur

## FRAZER BARRY

Frazer, aka die Rymkletstroebadoer van Tribal Echo, is bekend vir sy gevatte gesegdes en musikale metafore. Hy is geesriftig oor die Suid-Afrikaanse woordkuns, digkuns en storievertel, en span al drie in in sy eiesoortige vermenging van ghoema, koortjie-klanke, reggae, rock, folk, hip-hop, jazz, funk en rieldans-ritmes.

**11 Maart 13:00**
60 min | Bloekomhoek |
R100 | R120 by die deur

## KONNEXI

**Met:** Luna Paige, Pops Mohamed en Schalk Joubert

Vier stories van vier mense wat oënskynlik wêrelde van mekaar vewyder is, maar tog onverklaarbaar verbind is, word vertel met klavier, kitaar, basklanke, Afrika-instrumente en sangvernuf. Tel daarby sandkuns wat voor jou oë vorm aanneem en jy het 'n oudiovisuele reis deur die gevoelswêreld van jou landgenote.

**6 Maart 14:00, 7 Maart 17:30, 8 Maart 20:30**
70 min | kykNET Fismer |
R130 | R150 by die deur

Wat kan jy alles met akoestiese en digitale klankproduksie doen?

– Klankkronieke

## LAURIKA RAUCH EN LOKI ROTHMAN IN BLOU

Die immergewilde Laurika is terug op Stellenbosch met liedjies van haar jongste album, *Die reis*. Bekende liedjies word nuwe baadjies aangetrek, soos die duet 'Blou' saam met die kitaarvirtuoos Loki. 'n Sonderlinge musikale reis wat wydstaan staan oor generasies en genres.

**10 en 11 Maart 20:30**
70 min | Spier Amfiteater | R160/R140/R120 | R180/R160/R140 by die deur

## LOKI ROTHMAN

Hy speel kitaar soos 'n meester, sing soos 'n troebadoer en skilder woordprentjies soos 'n digter. Kom luister waarom kunstenaars soos Jack Parow, Die Antwoord, Toya Delazy en Albert Frost met hom wil saamwerk.

**4 Maart 19:00, 5 Maart 13:00**
70 min | Weltevreden Aansit | R130 | R150 by die deur

## MATTHEW MOLE

Matthew's unique brand of folk music with an electronic backbone always hits the sweet spot: *The Home We Built*, his debut album, entered the iTunes chart at number one, a first for a South African artist – and then he repeated this feat in 2016 with *Run*.

**9 Maart 18:30**
70 min | Jan Marais Nature Reserve | R100 (R70 for students) | R120 | R80 at the door

## NALEDI BERGE NOG SO BLOU

**Musiekregie:** Schalk Joubert
**Met:** Ramon Alexander, Albert Frost, Kevin Gibson, Schalk Joubert, Koos Kombuis, Katlego Maboe, Peter Mitchell en Nick Turner

Katlego is die verteller en gids op dié reis deur die musiek van ons land. Saam ontdek ons dat boeremusiek, ghoema, kwêla en mbaqanga (*township jive*) alles eintlik een en dieselfde is, dis net die ritme wat verskil. Dié produksie is die 'opvolg' op die Kanna-bekroonde *Al lê die berge nog so blou*.

**7 Maart 20:30**
70 min | Spier Amfiteater | R150/R130/R100 | R170/R150/R120 by die deur

## RIKU LÄTTI

Sanger, liedjieskrywer, skrywer: Riku het die klankbaan vir *Abraham* geskryf en groot name soos Laurika Rauch en Karla du Plessis tot The Phoebes en Tsunami tot Loit Sôls en Churchil Naudé staan tou om met hom saam te werk. Kom verluister jou aan hóé hy met musiek tower.

**5 Maart 19:00**
60 min | Bloekomhoek | R100 | R120 by die deur



Katlego Maboe



Basson Laubscher

## SKATKIS ... MET ’N TITSEL ITALIAANS

**Met:** Louis Loock begelei deur Rika Vermeulen

Ná Romanz het Louis ontluik in een van ons gewildste tenore en met *Skatkis – teraso* in Italiaans – bring hy hulde aan Afrikaanse liedjieskrywers met sy vertolking van onder meer ‘Kinders van die wind’, ‘Ek verlang na jou’, ‘Ek wil jou ken’ en ‘Huisie by die see. Hy lees ook voor uit sy kortverhale en verse en sy skalkse stem en Rika se musiek belig die wêreld op ’n gans ander manier.

**5 Maart 20:00**
70 min | kykNET Fismer|
R130 | R150 by die deur

## STEF BOS

Met sy blik van buite en soms aweregse manier om ’n ding te sê is Stef seker die gewildste ‘anderstalige’ musikant in Afrikaans. Dié gebore Nederlander woon en werk nou in Kaapstad waar hy sy ‘musikale fotografie’ beoefen.

**7 Maart 18:30**
70 min | Jan Marais Natuurreservaat | R100 (R70 vir studente) | R120 | R80 by die deur

## THEUNS JORDAAN

Daar is net één sanger met só ’n rasperstem – Theuns het, soos die cliché sê, geen bekendstelling nodig nie.

**10 Maart 18:30**
70 min | Jan Marais Natuurreservaat | R100 (R70 vir studente) | R120 | R80 by die deur

## TOTALLY TWINS

**Produksiehuis:** Totally Twins Productions
**Bindingsteks:** Lizanne Barnard
**Met:** Annemarie van Eeden (sang, klavier, klawerbord, Akkordeon), Lizanne Barnard (sang, klavier, klawerbord, fluit) en Leon Ecroignard (perkussie, kontrabas, kitaar, stem)

Dié talentvolle tweelingsusters Annemarie en Lizanne span eg Europese akkordeonklanke en Suid-Afrikaanse ritmes in om vlerke aan geliefde liedjies soos 'Liza se klavier' en 'My Sarie Marais' te gee.

**4 Maart 20:30, 5 Maart 10:30**
70 min | Drostdy-teater |
R120 | R140 by die deur

## TRIBAL ECHO

**Met:** Frazer Barry (lead vocals, guitar), Sandy Gertse (vocals), Earl Witbooi (bass guitar), Karin Hess (trombone), Deniel Barry (drums) and Este Visser (violin and keyboards)

This popular root/folk band tells the stories of the people of the Western Cape and their sound pays homage to traditional Cape Malay brass bands and Cape jazz.

**11 March 20:00**
60 min | AmaZink | R100 | R120 by die deur

## TWEE

Herman Kleinhans en Maria Rademan, die wenners van die eerste Afri-VisieSkryf-'n-Treffer-wedstryd, is twee vars nuwe Afrikaanse stemme - twee goeie redes om 'n kaartjie te koop!

**3 Maart 19:00, 4 Maart 13:00**
70 min | Weltevreden Aansit |
R130 | R150 by die deur

## DIE VLAMMENDE FEZ

**Regie:** Abduragmaan Adams
**Ontwerp:** Lindi-Heila Smit
**Musiekontwerp:** Gertjie Besselsen
**Koorleiding:** Kurt Haupt
**Tekssamestelling**: Lindi-Heila Smit
**Met:** Chris van Niekerk, Loukmaan Adams, Carlo Daniels, Gary Naidoo, Bianca Flanders en Liebchen Saal en 'n tradisionele Kaapse Maleier sanggroep

Splinternuwe en 300 jaar oue melodieë word met verse soos ID du Plessis se 'Karnaval' en 'Vreemde liefde' vervleg. *Die vlammende fez* spreek van verdeeldheid en versoening, hartseer en geluk, en ook van medemenslikheid. Kom luister na die roepstem van die muezzin in Afrikaans.

**5 Maart 18:30, 11 Maart 18:00**
70 min | Stadsaal
R150 | R100 by deur | R170 | R120

## DIE WASGOEDLYN

Die kunstenaars en die musiek is oud en nuut, rou en geslyp. Outentieke weergawes van bestaande en nuut gekomponeerde musiek met 'n eerlikheid wat jou sal tref. Lewendig eg en vars.

**6 Maart 18:00**
60 min | AmaZink | R100 | R120 by die deur

> Seeing the men in black perform live is a rare occasion.
>
> – Blues Broers Live


HemelBesem

# BLUES

### BLUES BROERS LIVE

**With:** Basson Laubscher, Rob Nagel, Simon Orange and Jonno Sweetman

In the '90s they were the country's hardest-working blues band, now seeing the men in black perform live is a rare occasion. You don't want to miss this one.

**11 March 19:00**
60 min | Bloekomhoek | R100 | R120 by die deur

## BLUES @ BLOEKOMHOEK

Sit saans ná nege agteroor en geniet die fynbesnaarde klanke van die blues-manne. Die US Woordfees se *house band* – Dale Collins, Rupert Mellor, Wayne Pauli en Rob Stemmett – keer terug vir dié sessies.

### BASSON LAUBSCER EN SVEN BLUMER

Basson en Sven kén van kitare. Boonop kan hulle sing ook.

**10 Maart 21:00**
60 min | Bloekomhoek | R40 | R50 by die deur

### GIAN GROEN EN GERRY LIBERTY

Daar's niks soos die blues om die gedagtes te laat gaan nie en dié twee se Afrikaanse blues gaan joune in nuwe rigtings stuur.

**11 Maart 21:00**
60 min | Bloekomhoek | R40 | R50 by die deur

### PIET BOTHA

Jack Hammer van Suid-Afrikaanse rock wys hier die 'Hammer' het ook 'n sielvolle, sagter sy.

**8 Maart 21:00**
60 min | Bloekomhoek | R40 | R50 by die deur

### SIMON ORANGE EN RUPERT MELLOR

Simon, 'n ou gunsteling, en Rupert, wat sy tande in McCully Workshop geslyp het, kom doen hulle ding op die klawers.

**9 Maart 21:00**
60 min | Bloekomhoek | R40 | R50 by die deur

### THE STREMES

The Stremes is nie nuut nie, maar hulle musiek is deesdae. Vandat Nadia Verster en Dale Collins by Wayne Pauli en Benji Peaceful aangesluit het, is die gryser, wyser rockers se invloed duidelik merkbaar – en dit is *glad* nie 'n slegte ding nie.

**7 Maart 21:00**
60 min | Bloekomhoek | R40 | R50 by die deur

## ROCK LUNCHES @ WILGENHOF

*One o'clock, two o'clock, rock!* Kom rock saam oor die etensuur.

### BRENDAN PEYPER

Brendan se eerste enkelsnit, 'Stop, wag, bly nog 'n bietjie', is 'n energieke vermenging van pop en rock met definitiewe

akoestiese ondertone. Kom luister na dié jong Bloemfonteiner – jy gaan hom nog baie op die trefferlyste sien!

**7 Maart 13:00**
60 min | Bloekomhoek | R100 | R120 by die deur

## MAJOZI

At the age of 13 Majozi taught himself to play the guitar before going to study jazz and popular music at the University of KwaZulu-Natal. His sound is Indiefolk with subtle influences of electro, his first EP, *Marvelous Light*, reached the ninth spot on the South African iTunes chart and he won over the fans at Oppikoppie last year.

**6 March 13:00**
60 min | Bloekomhoek |
R100 | R120 by die deur

## REFENTSE MORAKE

Ná sy weergawe van 'De la Rey' soos 'n veldbrand op sosiale media versprei het, is Refentse een van dié nuwe stemme in Afrikaanse musiek. Hy is nóg beter op die verhoog as op YouTube.

**5 Maart 13:00**
60 min | Bloekomhoek |
R100 | R120 by die deur

## US ALUMNI-ROCKSTERRE

**Met:** Andries Bezuidenhout
en Koos Kombuis
Kom luister na van die mooiste Afrikaanse liedjies met 'n rock-klank. Die geleentheid is spesiaal vir alumni-lede.

**3 Maart 13:00**
60 min | Bloekomhoek | R100 | R120 by die deur

WAAR DROME
WAAR WORD...



**WALVISBAAI BOOTVAART:** MSC Sinfonia 4*
vanaf **R4 900** per persoon wat deel (slegs bootvaart)
Kwotasie kode: 282 | Geldig: 20 - 24 April 2017

**PHUKET:** Patong Beach Hotel 4*
vanaf **R17 463** per persoon wat deel
Kwotasie kode: 15199 | Geldig: 11 Januarie - 31 Maart 2017

**GRIEKSE EILAND TOER:** Trafalgar CostSaver 3*
vanaf **R24 500** per persoon wat deel (slegs toer)
Kwotasie kode: 1007 | Geldig: 22 April - 01 Mei 2017

**MAURITIUS:** Veranda Palmar Beach Resort 4*
vanaf **R24 911** per persoon wat deel
Kwotasie kode: 15211 | Geldig: 01 Mei - 29 Junie 2017

Phuket & Mauritius pakkette sluit vlugte vanaf Kaapstad in.Pakkette is onderhewig aan verandering as gevolg van skommelinge van randwaarde en beskikbaarheid ten tye van die bespreking.

**Vir meer inligting kontak:**
**denette.fourie@travel.co.za | Tel: 021 880 0025**

MATIES
TRAVEL